education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2007

**REKENINGKUNDE**

**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**401-2/0**

REKENINGKUNDE SG
Vraestel & Antwoordboek

401 2 0A SG

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n antwoordeboek.**

X05

Kopiereg voorbehou

**Hierdie bladsy moet blanko bly**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.

5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   5.1 Weglating van belangrike datums
   5.2 Gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
   5.3 Oormekaarskryf van syfers
   5.4 Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS (MINUTE) |
|---|---|---|---|
| 1. | Bankversoeningstaat | 47 | 24 |
| 2. | Beslote korporasie | 50 | 25 |
| 3. | Vennootskap | 70 | 46 |
| 4. | Begroting | 48 | 27 |
| 5. | Klubs | 40 | 22 |
| 6. | Maatskappy | 45 | 36 |
| | | **300 punte** | **180 minute** |

## VRAAG 1

**BANKVERSOENING** **(47 punte; 24 minute)**

Die onderstaande inligting verskyn in die boeke van Hanif Handelaars.

**OPDRAG:**

1.1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Mei 2006. Tel slegs die bankkolomme in die Kontantjoernale op. (25)

1.2 Boek oor na die Bankrekening in die algemene grootboek. Saldeer die rekening op 31 Mei 2006. (7)

1.3 Stel 'n Bankversoeningstaat op 31 Mei 2006 op. (13)

1.4 Verskaf TWEE voorbeelde van bankkostes wat op die Bankstaat sal verskyn. (2)

LET WEL: Dit is die beleid van die onderneming om foute in die Kontantjoernale, waar moontlik, reg te stel.

**INLIGTING:**

1. **Voorlopige totale in die kontantjoernale vir Mei 2006:**

| | KOJ | KBJ |
|---|---|---|
| Bank | 42 424 | 36 363 |
| Diverse rekeninge | 42 424 | 36 363 |

2. **Die Bankversoeningstaat opgestel op 30 April 2006 toon die volgende inligting:**

| | | R |
|---|---|---|
| Voordelige saldo per Bankstaat | | 3 489 |
| Uitstaande deposito | | 2 247 |
| Uitstaande tjeks: | 301 | 1 521 |
| | 302 | 315 |
| | 304 | 876 |
| Voordelige saldo volgens Bankrekening in die Grootboek | | 3 024 |

3. **'n Vergelyking van die Bankversoeningstaat vir April 2006 met die Bankstaat van Cats Bank vir Mei 2006 toon die volgende:**

3.1 Die uitstaande deposito van R2 247 verskyn op die Bankstaat vir Mei 2006.

3.2 Tjek nr. 301 vir R1 521 verskyn op die Bankstaat vir Mei 2006.

3.3 Tjek nr. 302 vir R315 is uitgereik aan Fralize Winkels vir handelsvoorraad aangekoop. Dié tjek het verlore geraak en betaling is gestop. Dit is met tjek nr. 335 op 31 Mei 2006 vervang. Hierdie tjek is in die pos. Geen inskrywing is gedoen vir die kansellering van die ou tjek of die uitreiking van die nuwe tjek nie.

3.4 Tjek nr. 304 vir R876, gedateer 15 Junie 2006 is nog steeds uitstaande.

4. **'n Vergelyking van die Bankstaat vir Mei 2006 met die Kontantjoernale toon die volgende verskille:**

4.1 'n Huurder, S. Stefne, het R950 inbetaal vir huur. Dit verskyn slegs op die Bankstaat.

4.2 'n Onbetaalde tjek ten bedrae van R342 ontvang van die debiteur, L. Bryden, verskyn op die Bankstaat.

4.3 Daar verskyn op die Bankstaat 'n aftrekorder aan Naidoo Versekeraars vir die volgende:
- R680 vir die besigheid se versekering
- R220 vir huishoudelike versekering van die eienaar wat die besigheid namens hom betaal.

4.4 Bankkoste volgens die Bankstaat beloop, R134.

4.5 'n Krediet van R44 vir rente op lopende bankrekening was gereflekteer op die Bankstaat van Cats Bank.

4.6 'n Deposito vir R3 211 verskyn in die KOJ maar nie op die Bankstaat nie.

5. **Die Salarisjoernaal van Mei 2006 toon die volgende:**

| Werkers | Tjeknommer | Netto salarisse |
|---|---|---|
| J. Meslo | 347 | R4 275 |
| B. Roos | 348 | R5 437 |
| J. Ramsamy | 349 | R3 954 |

Slegs tjeks 348 en 349 het op die Bankstaat vir Mei 2006 verskyn.

6. Die Bankstaat toon 'n kredietsaldo van R10 958 op 31 Mei 2006.

**47**

## VRAAG 2

**BESLOTE KORPORASIE** **(50 punte; 25 minute)**

Madmot Handelaars BK is 'n beslote korporasie met M. Madi en K. Motso as lede. Hulle het elk 'n 50%-belang in die onderneming. Die rekeningkundige periode eindig jaarliks op 28 Februarie.

**OPDRAG:**

2.1 Gebruik die onderstaande inligting en stel die volgende rekeninge in die algemene grootboek op. Sluit/Saldeer die rekeninge op 28 Februarie 2006.

2.1.1 Ledebydrae (11)

2.1.2 Suid-Afrikaanse Inkomstediens - Inkomstebelasting (11)

2.1.3 Verdeling betaalbaar aan lede (13)

2.1.4 Verdelingsrekening (10)

2.2 Madmot Handelaars BK wil 70% van die netto wins voor belasting verdeel. Dink jy die BK kan dit bekostig. Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

2.3 Noem EEN voordeel vir die lede indien hulle besluit om 'n derde lid tot die BK toe te laat. (2)

**UITTREKSEL UIT DIE LYS VAN SALDO'S OP 1 MAART 2005**

| | |
|---|---|
| Ledebydrae | R 385 000 |
| Behoue inkomste | 1 600 |
| Suid Afrikaanse Inkomstediens - Inkomstebelasting (Kt) | 3 500 |
| Lening aan Motso | 40 000 |
| Verdeling betaalbaar aan lede | 24 000 |

**TRANSAKSIES**

| | | |
|---|---|---|
| **2005** | | |
| Mrt. 7 | | Tjek nr. 333 is uitgereik vir die uitstaande inkomstebelasting. |
| 14 | | Die verdeling verskuldig aan die lede is betaal. Lid Madi het versoek dat haar bedrag aan haar uitbetaal moet word terwyl lid Motso die besigheid versoek het om dit teenoor sy lening te krediteer. |
| Sept. 30 | | Tjek nr. 411 vir R30 500 is aan die SAID uitgereik om die voorlopige inkomstebelasting te betaal. |
| | | Lid Madi het toerusting ter waarde van R35 000 gegee om haar belang in die onderneming te vermeerder. |
| Nov. 22 | | Lid Motso het diens as rekeningkundige beampte aan die onderneming gelewer ter waarde van R25 200. Dié bedrag is nie aan hom uitbetaal nie, maar is gebruik om sy ledebydrae te vermeerder. |
| Des. 18 | | Lid Madi het R10 000 van haar ledebydrae onttrek. 'n Tjek is aan haar uitgereik. |
| **2006** | | |
| Febr. 27 | | Tjek nr. 696 is aan SAID uitgereik om die tweede voorlopige belasting-betaling te maak vir R21 250. |
| 28 | | Die Wins-en-verlies-rekening toon 'n netto inkomste van R181 400 vir die finansiële jaar. |
| | | Die totale inkomstebelasting vir die jaar is bereken op R54 200. |
| | | Die lede besluit om 70% van die netto inkomste voor belasting te verdeel in die verhouding: Madi 50% en Motso 50%. |

**50**

## VRAAG 3

**VENNOOTSKAP** **(70 punte; 46 minute)**

Die onderstaande inligting verskyn in die boeke van EM Handelaars (vennote E. Elgin en M. Motsau) op 28 Februarie 2006, die einde van die finansiële jaar.

**OPDRAG:**

3.1 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 op. (45)

3.2 Stel die nota tot die Balansstaat vir die vennote se privaat-rekeninge op. (25)

***U word voorsien van twee alternatiewe formate van die privaatrekeninge in die antwoordeboek. Gebruik slegs EEN van die TWEE metodes.***

**LET WEL: Gee oorspronklike bedrae en aansuiwerings tussen hakies sodat deelpunte toegeken kan word.**

**BOEKE VAN EM HANDELAARS**
**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2006**

| | Debiet<br>R | Krediet<br>R |
|---|---|---|
| **Balansstaat-rekeninge-afdeling** | | |
| Kapitaal: Elgin | | 400 000 |
| Kapitaal: Motsau | | 100 000 |
| Privaatrekening: Elgin (1 Maart 2005) | | 22 578 |
| Privaatrekening: Motsau (1 Maart 2005) | 10 500 | |
| Onttrekkings: Elgin | 36 000 | |
| Ontrekkings: Motsau | 105 000 | |
| Grond en geboue | 215 000 | |
| Voertuie | 180 000 | |
| Toerusting | 135 600 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 75 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 35 600 |
| Handelsvoorraad | 55 510 | |
| Debiteurekontrole | 12 400 | |
| Voorsiening vir oninbare skuld | | 350 |
| Bank | 201 268 | |
| Vaste deposito (10% p.j.) | 15 000 | |
| Krediteurekontrole | | 47 550 |
| Lening | | 30 000 |
| | | |
| **Nominale-rekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 606 800 |
| Koste van verkope | 245 000 | |
| Debiteure-afslag | 6 800 | |
| Versekering | 3 900 | |
| Bankkoste | 1 300 | |
| Skryfbehoeftes | 4 000 | |
| Rente op lening | 4 520 | |
| Rente op vaste deposito | | 750 |
| Rente op uitstaande debiteure | | 20 |
| Korting toegestaan | 590 | |
| Telefoon | 12 300 | |
| Huurinkomste | | 19 500 |
| Lone | 61 000 | |
| Water en elektrisiteit | 28 300 | |
| Korting ontvang | | 950 |
| Oninbare skuld | 710 | |
| Eiendomsbelasting | 4 400 | |
| | 1 339 098 | 1 339 098 |

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

1. 'n Debiteur, T Hill, wat R190 verskuldig is, word afgeskryf as oninbare skuld.

2. Voorrade voorhande op 28 Februarie 2006:
   - Handelsvoorraad R54 600
   - Skryfbehoeftes R 300

3. Die water en elektrisiteit vir Februarie 2006, R2 700 is nog verskuldig.

4. Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R1 800 wat op 31 Augustus 2005 betaal was, in.

5. Die voorsiening vir oninbare skuld moet met R50 verminder word.

6. Rente op vaste deposito, R750 is nog ontvangbaar.

7. Huurinkomste is vir 13 maande ontvang.

8. Eiendomsbelasting is belasbaar teen 2% vir die jaar op die waarde van grond en geboue (veronderstel dat die boekwaarde 'n werklike indikasie van die waarde is). Voorsien vir enige bedrag agterstallig of vooruitbetaal.

9. Voorsien vir waardevermindering soos volg:
   - Voertuie teen 10% per jaar op die kosprysmetode. Neem in ag dat 'n nuwe voertuig op 1 Desember 2005 vir R80 000 aangekoop en geboekstaaf is.
   - Toerusting teen 15% per jaar volgens die verminderde-saldo-metode.

10. Die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 **nadat** bogenoemde aansuiwerings in berekening gebring is, beloop **R225 000**.

**Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:**

**Rente op kapitaal**
Word teen 10% per jaar bereken. (Vennoot Elgin het haar kapitaal op 31 Augustus 2005 met R100 000 vermeerder en op 28 Februarie 2006 verminder vennoot Motsau sy kapitaal met R50 000. Al die transaksies is geboekstaaf.)

**Salarisse**
- Vennoot Elgin ontvang 'n jaarlikse salaris van R48 000.
- Vennoot Motsau ontvang 'n salaris van R8 000 per maand.

**Oorblywende winste/verliese**
- Die oorblywende winste/verliese moet gelykop tussen die vennote verdeel word.

**70**

## VRAAG 4

**BEGROTING** **(48 punte; 27 minute)**

Die onderstaande inligting is uit die boeke van Diana-Handelaars geneem.

**OPDRAG:**

4.1 Voltooi die debiteure-invorderingskedule vir die tydperk 1 April 2007 tot 31 Mei 2007. (10)

4.2 Stel 'n kontantbegroting vir die tydperk 1 April 2007 tot 31 Mei 2007 op. (34)

4.3 Noem TWEE uitgawes **wat nie** in 'n kontantbegroting sal verskyn nie. (4)

**INLIGTING:**

1. Die bankrekening toon op 31 Maart 2007 'n debietsaldo van R4 488.

2.

| | **Werklike** | | **Begrote** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Februarie R** | **Maart R** | **April R** | **Mei R** |
| Kontantverkope | 48 000 | 100 000 | 66 000 | 72 000 |
| Kredietverkope | 24 000 | 50 000 | 33 000 | 36 000 |
| Kontantaankope van voorraad | 32 000 | 60 000 | 44 000 | 48 000 |
| Kredietaankope van voorraad | 16 000 | 40 000 | 22 000 | 24 000 |
| Bedryfsuitgawes | 2 000 | 2 420 | 2 662 | 2 928 |
| Salarisse | 6 000 | 6 000 | 6 000 | ? |

3. Kredietverkope word soos volg ingevorder:
   - 50% in dieselfde maand van verkope
   - 30% na 30 dae
   - 15% na 60 dae
   - 5% as oninbare skuld

4. Krediteure word twee maande na aankope betaal.

5. Waardevermindering word op R750 per maand bereken.

6. Die onderneming verhuur 'n gebou teen R1 800 per maand. Die huur word jaarliks op 1 Mei met R180 verhoog. Alle bedrae word maandeliks ontvang.

7. Die eienaar onttrek R3 500 kontant per maand.

8. Nuwe toerusting word op 1 April vir R96 600 aangekoop. Dit sal in drie gelyke jaarlikse paaiemente vanaf 30 April 2007 betaal word.

9. Diana Handelaars het drie werkers in diens en almal ontvang dieselfde salaris. Op 1 Mei 2007 sal 'n vierde werker teen dieselfde salaris in diens geneem word.

**48**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5

**KLUBS** **(40 punte; 22 minute)**

**5.1** Die onderstaande inligting verskyn in die boeke van Fatima Dansklub.

**OPDRAG:**

5.1.1 Stel 'n Ledegeldrekening vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 op. (20)

5.1.2 Noem TWEE redes waarom die klub komitee bekommerd moet wees oor die invordering van ledegeld. (4)

**INLIGTING:**

1. **Saldo's op 1 Januarie 2005:**

| | |
|---|---|
| Opgelope inkomste/Inkomste ontvangbaar (Ledegeld) | R 3 600 |
| Vooruitontvange inkomste/Uitgestelde inkomste (Ledegeld) | 600 |

2. **Opsomming van transaksies vir die jaar:**

Ledegeld beloop R300 per lid per jaar.

Ledegeld ontvang gedurende die jaar:

| | |
|---|---|
| 2004 | R 900 |
| 2005 | 73 200 |
| 2006 | 1 200 |
| | R 75 300 |

Die ledegeld van die vorige jaar wat nog steeds uitstaande is, moet as oninbaar afgeskryf word.

Op 1 Januarie 2005 het 'n lid wat die vorige jaar haar ledegeld vooruitbetaal het die klub verlaat. Sy het versoek dat haar ledegeld aan haar terugbetaal moet word. Sy ontvang 'n tjek vir 'n terugbetaling van R300 van die klub.

Op 31 Desember 2005 was daar 29 lede se ledegeld nog uitstaande vir 2005.

**5.2** Die onderstaande transaksies is uit die boeke van Hattingh Netbal Klub, geneem.

**OPDRAG:**

Ontleed die onderstaande transaksies volgens die voorbeeld wat voorsien is. (16)

**Voorbeeld**

Betaal R500 per tjek vir skryfbehoeftes.

| Nr. | Ontvangste | Betalings | Inkomste | Uitgawes |
|---|---|---|---|---|
| Bv. | | R 500 | | R 500 |

**Transaksies**

5.2.1 Intreegeld van R150 is van 'n nuwe lid ontvang.

5.2.2 Affiliasiegeld van R300 is per tjek betaal.

5.2.3 Verversings van R500 is op krediet aangekoop.

5.2.4 Ledegeld ten bedrae van R1 500 is ontvang. Dit sluit R150 vir die volgende finansiële jaar in.

5.2.5 'n Krediteur se rekening van R210 is per tjek betaal.

**40**

## VRAAG 6

**MAATSKAPPY** **(45 punte; 36 minute)**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Ezilda Beperk 'n publieke maatskappy. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 500 000 aandele teen R2 per aandeel.

**OPDRAG:**

Stel die volgende notas tot die Balansstaat op 28 Februarie 2006 op:

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Handels- en ander betaalbare bedrae (Krediteure) | (15) |
| 6.2 | Aandelekapitaal | (6) |
| 6.3 | Behoue inkomste | (7) |
| 6.4 | Vaste bates | (17) |

**INLIGTING:**

**BOEKE VAN EZILDA BEPERK**
**UITTREKSEL UIT DIE NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS**
**OP 28 FEBRUARIE 2006**

| **Balansstaat-rekeninge-afdeling** | **Debiet R** | **Krediet R** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | | 700 000 |
| Aandelepremie | | 70 000 |
| Behoue inkomste (1 Maart 2005) | | 14 000 |
| Grond en geboue | 500 000 | |
| Toerusting | 190 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | ? |
| Bank | 44 500 | |
| Debiteurekontrole | 17 500 | |
| Voorsiening vir oninbare skuld | | 1 500 |
| Handelsvoorraad | 54 450 | |
| Krediteurekontrole | | 33 790 |
| Vaste deposito | 15 000 | |
| Krediteure vir salarisse | | 7 000 |
| Pensioenfonds | | 1 700 |
| Mediesefonds | | 1 350 |
| SAID – LBS | | 1 400 |
| SAID – Inkomstebelasting | | 2 645 |
| Aandeelhouers vir dividende | | 42 000 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 1 670 | |
| Opgelope uitgawes/Uitgawes betaalbaar | | 750 |
| Opgelope inkomste/Inkomste ontvangbaar | 1330 | |
| Vooruitontvange inkomste/Uitgestelde inkomste | | 1 250 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Die onderneming het op 1 Desember 2005 nog 100 000 aandele aan die publiek uitgereik. Die inskrywing is behoorlik geboekstaaf in die boeke.

2. Waardevermindering vir die jaar op toerusting van R15 000 is nog nie geboekstaaf in die boeke nie.

3. Bates aangekoop gedurende die jaar en behoorlik geboekstaaf:
   - Grond en geboue, R240 000
   - Toerusting, R65 000

4. Ou toerusting is op 28 Februarie 2006 vir R12 000 kontant verkoop. Die kosprys van hierdie toerusting was R35 000 en die drawaarde tot op hede van verkope beloop R17 200. Die inskrywings ten opsigte van hierdie verkope is behoorlik geboekstaaf.

5. Die netto wins na belasting beloop R125 000.

6. 'n Tussentydse dividend van R35 000 is gedurende die jaar verklaar en betaal. 'n Finale dividend van R42 000 is verklaar maar is nog nie betaal nie.

**45**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

# REKENINGKUNDE STANDAARDGRAAD

***SPESIALE ANTWOORDEBOEK***

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 13 bladsye.**

| VRAAG | PUNTE | PARAFEER | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| **TOTAAL** | | | |

X05



Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1

| KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN HANIF HANDELAARS VIR MEI 2006 KOJ 6 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| DOK NR. | DAG | BESONDERHEDE | BANK | DIVERSE-REKENINGE | FOL | BESONDERHEDE |
| | 30 | Totaal | 42 424 | 42 424 | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 10 |

1.1

| KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN HANIF HANDELAARS VIR MEI 2006 KBJ 6 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| DOK NR. | DAG | BESONDERHEDE | BANK | DIVERSE-REKENINGE | FOL | BESONDERHEDE |
| | 30 | Totaal | 36 363 | 36 363 | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 15 |

1.2

| Dt | | ALGEMENE GROOTBOEK VAN HANIF HANDELAARS | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | BANK | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 7 |

1.3

| BANKVERSOENINGSTAAT VAN HANIF HANDELAARS OP 31 MEI 2006 | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| 13 |

1.4

| TWEE voorbeelde van bankkoste |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| 2 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 47 |

## VRAAG 2

**2.1.1**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN MADMOT HANDELAARS BK**

| Dt | | LEDEBYDRAE | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 2005 Mrt | 1 | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **11** |

**2.1.2**

| Dt | | SAID - INKOMSTEBELASTING | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 2005 Mrt | 1 | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **11** |

**2.1.3**

**Dt VERDELING BETAALBAAR AAN LEDE Kt**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 2005 Mrt | 1 | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **13** |

**2.1.4**

**Dt VERDELINGSREKENING Kt**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **10** |

**2.2 Madmot Handelaars BK wil 70% van die netto wins voor belasting verdeel. Dink jy die BK kan dit bekostig? Gee EEN rede vir jou antwoord.**

| |
|---|
| |
| |

| |
|---|
| |
| **3** |

**2.3 Noem EEN voordeel vir die lede indien hulle besluit om 'n derde lid tot die BK toe te laat .**

| |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

## VRAAG 3

**3.1**

| **EM HANDELAARS<br>INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 28 FEBRUARIE 2006** | | |
|---|---|---|
| Verkope | | |
| Koste van verkope | | |
| Bruto wins vir die jaar | | |
| Ander inkomstes | | |
| Huurinkomste | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Bedryfsuitgawes | | |
| Versekering | | |
| Bankkoste | | |
| Skryfbehoeftes | | |
| Korting toegestaan | | |
| Telefoon | | |
| Lone | | |
| Water en elektrisiteit | | |
| Oninbare skuld | | |
| Eiendomsbelasting | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Bedryfswins vir die jaar | | |
| Rente-inkomste | | |
| Netto wins voor rente-uitgawe | | |
| Rente-uitgawe | | |
| Netto wins vir die jaar | | **225 000** |

| |
|---|
| **45** |

**3.2 PRIVAATREKENINGE**

## VOLTOOI SLEGS EEN

| | ELGIN | MOTSAU | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Salarisse | | | |
| Rente op kapitaal | | | |
| Primêre verdeling | | | |
| Verdeling van oorblywende wins | | | |
| Netto inkomste vir jaar | | | 225 000 |
| Onttrekkings | | | |
| | | | |
| Saldo aan begin van jaar | | | |
| Saldo aan einde van jaar | | | |

## ALTERNATIEF

| | ELGIN | MOTSAU | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Saldo aan begin van jaar | | | |
| Netto inkomste vir jaar | | | 225 000 |
| Salarisse | | | |
| Rente op kapitaal | | | |
| Verdeling van oorblywende wins | | | |
| Onttrekkings | | | |
| Saldo aan einde van jaar | | | |

| |
|---|
| |
| 25 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 70 |

## VRAAG 4

**4.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VAN DIANA HANDELAARS VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 2007 TOT 31 MEI 2007**

| | KREDIETVERKOPE R | APRIL R | MEI R |
|---|---|---|---|
| Februarie | 24 000 | | 0 |
| Maart | 50 000 | 3 600 | |
| April | 33 000 | | |
| Mei | 36 000 | 0 | 18 000 |
| | | | |

| |
|---|
| |
| 10 |

**4.2 KONTANTBEGROTING VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 2007 TOT 31 MEI 2007**

| | APRIL R | MEI R |
|---|---|---|
| **KONTANTONTVANGSTES** | | |
| Kontantverkope | | |
| Invorderings van debiteure | | |
| | | |
| | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | |
| Kontantaankope | | |
| Betalings van krediteure | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Surplus/Tekort | | |
| Saldo van bank aan begin van maand | | |
| Saldo van bank aan einde van maand | | |

| |
|---|
| |
| 34 |

**4.3**

| TWEE UITGAWES WAT NIE IN 'N KONTANTBEGROTING SAL VERSKYN NIE |
|---|
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| 4 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 48 |

## VRAAG 5

**5.1.1**

| Dt | | ALGEMENE GROOTBOEK VAN FATIMA DANSKLUB | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | LEDEGELDREKENING | | | | | |
| 2005 Jan | 1 | | | 2005 Jan | 1 | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **20** |

**5.1.2**

| TWEE REDES WAAROM DIE KOMITEE BEKOMMERD MOET WEES |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

## 5.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

| NR. | ONTVANGSTES | BETALINGS | INKOMSTES | UITGAWES |
|---|---|---|---|---|
| **Voorbeeld** | | **R 500** | | **R 500** |
| 5.2.1 | | | | |
| | | | | |
| 5.2.2 | | | | |
| | | | | |
| 5.2.3 | | | | |
| | | | | |
| 5.2.4 | | | | |
| | | | | |
| 5.2.5 | | | | |
| | | | | |

| |
|---|
| |
| **16** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 6

**6.1**

| **HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE (KREDITEURE)** | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| SAID | |
| Inkomstebelasting | |
| LBS | |
| | |

| |
|---|
| |
| **15** |

**6.2**

| **GEWONE AANDELEKAPITAAL** | |
|---|---|
| ***GEMAGTIG*** | |
| 500 000 gewone aandele van R2 elk | **1 000 000** |
| | |
| ***UITGEREIK*** | |
| _________ aandele uitgereik in vorige jare teen R2 | |
| _________ aandele uitgereik gedurende die jaar teen R2 | |
| _________ aandele teen R2 op sluitingsdatum | |

| |
|---|
| |
| **6** |

6.3

| BEHOUE INKOMSTE | |
|---|---|
| Saldo aan die begin van jaar | **14 000** |
| Netto inkomste na belasting | |
| Dividende | |
| Tussentyds | |
| Finaal | |
| Saldo aan einde van jaar | |

| |
|---|
| 7 |

6.4

| VASTE BATES | | |
|---|---|---|
| | **GROND EN GEBOUE** | **TOERUSTING** |
| | | |
| Kosprys verlede jaar | | **160 000** |
| Opgehoopte waardevermindering aan begin van jaar | | **(40 000)** |
| | | |
| **BEWEGINGS** | | |
| Aankope | | |
| Bateverkope | | |
| Waardevermindering | | |
| | | |
| Kosprys aan einde van jaar | **500 000** | **190 000** |
| Opgehoopte waardevermindering aan einde van jaar | | |
| | | |

| |
|---|
| 17 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| 45 |

Kopiereg voorbehou